# *Afrikaans Eerste Addisionele Taal*

# *Graad 9*

# *Opsomming Oefening*

## <u>Opsomming</u>

In die artikel word die waarde van goeie vriende bespreek. Lees die artikel aandagtig deur.
Voer dan die instruksies hieronder uit.

**INSTRUKSIES**

1. Som die EIENSKAPPE VAN VRIENDSKAPPE in SEWE sinne op.
2. Skryf die feite PUNTSGEWYS neer.
3. Nommer die sinne van 1 tot 7
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die regte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

Goeie Vriendskap

Tjommas, pêlle of maatjies - noem hulle wat jy wil, maar sonder hulle kan die meeste van ons nie klaarkom nie ...

Een tiener slaap met haar selfoon onder haar kussing sodat sy nie belangrike SMS'e mis nie. ʼn Ander een kry meer as 100 boodskappe terwyl sy in die bed is. Volgens tieners is dit belangrik om beskikbaar te wees as jou vriende jou nodig het.

Van die dinge wat vriendskappe laat werk, is eerlikheid. As jou hare lyk asof ʼn voël daarin nes gemaak het, sal ʼn goeie vriend dit vir jou op ʼn mooi manier sê. ʼn Kennis sal
nie so eerlik wees nie.

ʼn Vriend is iemand wat die lafste ding op die vreemdste tyd sal sê, net om te keer dat jy
nie huil nie. Vriende sal mekaar deur dik en dun ondersteun.

Dikwels is vriende omtrent die hele dag saam. Hulle studeer saam, oefen saam en kuier saam. Vriendskappe word versterk deur dinge saam te doen.

Tieners praat eerder met hulle maats oor emosies, en probleme as met hulle gesinslede. Deur te praat word negatiewe emosies verwerk.

In ons moderne samelewing is veiligheid ʼn absolute prioriteit. Jy moet veilig wees in die
huis. Op straat en tussen mense. Maats met dieselfde waardes as jy, verskaf ʼn gevoel van veiligheid en sekuriteit.

ʼn Verskeidenheid vriende help om ʼn goeie vriendekring te bou. Deesdae is jy in ʼn kliek. Saam met jou in die kliek is jou BFF.